- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Preke
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Potgooi van preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant
  - Die Bybelkoerant-konsep
  - Jaco Thom
  - My boeke
  - Bekendstellingsvideo
  - Privaatheidsbeleid
  - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
  - Bankbesonderhede
- Boeke te koop
- Aanlynwinkel
- Registreer vir epos
- Search


# Hoofstuk van die dag: Genesis 30

*Jakob het toe jong lote van populiere, amandels en plataanbome gevat en stroke daarvan afgeskil sodat daar wit*

> *strepe op die lote was. (vers 37)*

In die Nabye Ooste is bokke gewoonlik swart of bruin en skape wit. Bont skape en bokke was die uitsondering en so ook swart skape. Jakob se voorstel was dus vir sy skoonpa baie aantreklik. Maar Laban was geensins van plan om vir Jakob 'n billike vergoeding te gee nie, en haal al die vee wat aan Jakob bont of gestreepte lammers kon gee, by voorbaat uit die kudde. Hy glo dat wit skape en bruin en swart bokke nie bont lammers sal oplewer nie.

Jakob se plan met die bont latte was 'n stuk bygeloof, maar hy was ook kundig genoeg oor veeteelt om te weet watter diere vir hom sterk lammers sal oplewer. Hy het ook die vee teen dié tyd goed genoeg geken om te kon voorspel watter ramme en ooie vir hom bont lammers sou gee.

Uiteindelik was dit natuurlik nie net sy slim teelprogram nie, maar veral die Here se seën wat vir hom 'n groot kudde gegee het (vgl Gen 31:9).

Hou dus moed as die wêreld sy klappe uitdeel. God sal vir jou sorg.


## Onlangse Bydraes

- Rig 6:14 MET GOD SE TOERUSTING KAN JY DIENSBAAR WEES
- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien

© Bybelkoerant 2018 – 2026